(... PROVINSIALE AFDELING)

I1.17 VOL. 130 PG. 6458 - 6496.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-08-14

**DIE STAAT teen:** PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

**VOOR:** SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL
PROF. W.A. JOUBERT

**NAMENS DIE STAAT:** ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

130

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

**TOLK:** MNR. B.S.N. SKOSANA

**KLAGTE:** (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

**PLEIT:** AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

**KONTRAKTEURS:** LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 130 (IN CAMERA GETUIE NR. 23)

(Bladsye 6 458 - 6 496 )

MNR. FICK : U EDele, die volgende getuie wat die Staat roep wil die Staat sy getuienis in camera aanbied. Ek vra dat die Hof ontruim word.

HOF : In terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid is ek verplig om die hof te ontruim omdat daar 'n aansoek is dat 'n getuie in camera getuig. Die publiek word dus versoek om die hof te verlaat. My Geleerde Assessor toon vir my aan dat op die doodsondersoek die naam Jacob Chakane is. Dit is blykbaar net die akte van beskuldiging wat verkeerd is.

MNR. FICK : Die rede hoekom die Staat hierdie getuie se getuienis in camera wil aanbied, hierdie getuie is 'n ex-ANC lid. Hy sal ook vir die Hof sê hy vrees vir sy lewe indien sy identiteit openbaar word of die feit dat hy hier getuig.

HOF : Enige opmerking daaroor, mnr. Bizos?

MR BIZOS : Your Lordship's ruling in this regard ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit staan vir alle ANC lede.

MR BIZOS : That is so, but we do not know whether this person has perhaps given evidence elsewhere and his identity has become known.

COURT : We cannot have that sort of inquiry before we have the evidence of the witness.

MR BIZOS : Assume for the moment that he has given evidence elsewhere in open court, it will be a factor which Your Lordship will take into consideration as to whether Your Lordship will close the doors of the court.

COURT : It will still depend on what he said. May be it was merely a collision.

MR BIZOS : No, no, I am not talking about that

COURT : You mean a case where it was declared I am an ANC terrorist, ex-terrorist in open court?

MR BIZOS : Well, I understand a member of the ANC, My Learned Friend says. I submit that it should not be done on an automatic basis and that some inquiry should be made as to whether his identity is not known, because we have had cases come to my attention where a person has been - has given evidence in open court at one place and an application has been made for him to give evidence in camera in another place and in order to avoid this sort of inconsistency. I think that an inquiry should be made.

COURT : I will have the Inquiry now. Bring the witness in. (Witness writes his name on a piece of paper) The prosecutor tells me that you have requested that this matter be heard in camera.

I.C. 23 : Yes.

COURT : What are your reasons?

I.C. 23 : I deserted from M.K. That is the military wing of the ANC . Now I am scared of being seen by people because that may lead to my being injured. That is the reason.

COURT : Have you given evidence in open court before?

I.C. 23 : No.

COURT : My ruling stands, Mr Bizos. The witness will give evidence in camera. The previous arrangement will pertain as far as the press is concerned. You will be known as in camera witness number 23.

IN CAMERA GETUIE NR. 23, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is in 1978 - het u by die ANC aangesluit? -- Ja, dit is so.

U het in Lesotho gaan aansluit? -- Ja, dit is so.

U was in ꞥ kamp wat bekend gestaan het as New Europa? -- Ja, dit is so.

Hoe lank was u in hierdie kamp? -- Ongeveer vyftien maande.

... / HOF

HOF : Waar is New Europa? -- Dit is in Lesotho, Maseru, die hoofstad van Lesotho.

MNR. FICK : Die vyftien maande wat u daar was, het u enige opleiding daar ondergaan? -- Ja, aangaande die politiek.

Kan u vir die Hof meer uitbrei, wat van die politiek het u in opleiding gekry? -- Firstly we dealt with the history of the ANC.

TOLK : U Edele, die Hof sal my verskoon. Die getuie gebruik die Engelse woorde self.

HOF : Dit is heeltemal in orde. As die getuie met u Engels praat, kan u maar die Engels vir ons net so weer gee.

MNR. FICK : As u praat van die geskiedenis van die ANC is dit 'n oorsigtelike geskiedenis van sy ontstaan en hoe hy ontwikkel het? -- Hoe die ANC van die heel eerste keer af bestaan het. en waarvoor die ANC op die huidige oomblik bestaan.

Wat het u geleer waarvoor het die ANC op daardie stadium gestaan?

HOF : Daardie stadium is tydens opleiding?

MNR. FICK : Tydens opleiding. -- As gevolg van die opleiding wat ons daar ontvang het, was dit vir ons duidelik gewees dat die ANC staan vir die vryheidstelling van die mense in Suid-Afrika.

Het u enige ander geskiedenis behalwe die ANC s'n geleer daar? -- Ja, ons het baie opleiding gekry aangaande die ander "struggles" wat in ander lande aangegaan het. Daar is ons opgelei in "Marxism".

Watter ander lande se "struggle", soos u dit noem dit vryheidstryd. Watter ander lande se vryheidstryd het u oor geleer? -- Firstly about Zimbabwe before its independence. We were also made aware of the struggle of Nicaragua and some other American countries and we also got some training

... / about

about what was happening in the west and the east.

Jy het dan ook gesê jy het opleiding ondergaan in Marxisme? -- Ja.

Wat het jy omtrent Marxisme geleer in hierdie kamp? -- Die opleiding was oor as mense 'n goeie lewe moet leef op hierdie wêreld, is daar geen ander idiologie wat hulle moet volg nie, behalwe die Marxisme. Dit was verder aan ons geleer Max Engels en Lennon is die persone wat met hierdie teorie gekom het, want hulle was filisowe wat die mense se lewens bestudeer het en hulle het dit in hulle studie agtergekom dat die "societies" verdeel is in klasse "which was caused by the private ownership over the means of production. That is why even today you would find that there are wars taking place on this earth. It is due to the emergency of ownership over the means of production, which is private ownership as such."

Behalwe Marxisme, wat het u nog in hierdie kamp in opleiding ondergaan in die vyftien maande? -- Die politiek in die algemeen soos ek al vroeër gesê het was die opleiding gewees.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Het ek u reg verstaan dat u gesê het daar is twee klasse? -- Ja, daar is twee klasse.

Jy het gepraat van die klas wat die produksiemedia beheer, dit is privaat eienaarskap. Wat is die ander klas? -- Dit is die werkers "under capitalism." "You will get the bourgeois class and the working class. That is the capitalist system.

MNR. FICK : Is u bekend met 'n boekie bekend as "The strategy and Tactics of the ANC"? -- Baie goed.

Het u in hierdie betrokke kamp enigiets omtrent die boek verneem? -- Ja, ek het die boek gelees en ons het die

... / boek

boek self bespreek.

HOF : Was dit voorgeskrewe leeswerk?-- Ja, wat gebruik word daar deur die ANC.

MNR. FICK : En u sê u het ook besprekings daaromtrent gehou? -- Ja.

Die vryheidsmanifes, of soos dit algemeen bekend staan "The Freedom Charter", ken jy hom? -- Ja.

Het u by hierdie kamp enigiets omtrent die Freedom Charter verneem? -- Ja.

Wat het u omtrent die Freedom Charter verneem?-- That the Freedom Charter is the policy document of the ANC. That is if anybody is against it, then that person will not be a member of the ANC. Ons het dit bestudeer van die eerste clause tot die laaste een. Which made it clear to us that the Freedom Charter is going to used as a policy document after the overthrowal of the government. Then we saw to it that it was an alternative from the free democratic South Africa. We were further told that it is not the end, it is just the first state of the national democratic for revolution.

COURT : Just a moment, let me get clarity. U sê dit is nie 'n einde nie. Wat is nie 'n einde nie? -- That the Freedom Charter as it is, lays the basis for democracy- It does not abolish the private ownership. That is why I say it is a first step towards the national democratic revolution.

Laat ek nou net duidelikheid kry waarmee ons nou besig is. Freedom Charter is nou nie die einddoel nie. Dit is 'n eerste stap van 'n national democratic revolution? -- Ja.

En wat is 'n national democratic revolution? -- As ons praat van die national democratic revolution we talk about the total change of the government as the Freedom Charter lays the basis for that. Immediately after the national

... / democratic

democratic revolution you know that people are going to be free. That is the whole nation of South Africa, but that does not mean that it ends there, because we know that the main objective for the free society is the total abolishing of the private means of production. That is why we now talk about socialism. That means the Freedom Charter is the first step and then socialism is the second step.

Do you equate socialism with Marxism? -- Perfectly.

So, the attainment of the Freedom Charter is the first step on the way to a Marxist state? -- Obviously.

But was that merely discussed or was that the policy of the ANC? -- From our own observation it is clear its main objective, because if the ANC can lay the Freedom Charter as a policy document of South Africa and it ends there, I mean obviously there will be a private ownership over the means of produksie. There will be monopolies, capitalists, that will mean people did not get their true freedom, because they are still being exploit, by those who are owning the means of production.

MNR. FICK : U het van daardie kamp op 27 Augustus 1979 na Matola gegaan in Mosambiek? -- Ja, dit is so.

Het u uit u eie soontoe gegaan of is u soontoe gestuur? -- Aangesien ek alreeds ŉ lid was van die ANC, is ŉ klomp van ons weggestuur deur die ANC .

Hoe lank was u by hierdie plek in Matola? -- It was not for a long time. Approximately three to four weeks. I am not sure of the period I stayed there.

HOF : Is Matola ŉ ANC kamp? -- Yes, in Mozambique.

MNR. FICK : Wat het u daar gedoen? -- Daar het ons weer besprekings gehou aangaande die tuislande en mense soos Gatsha Buthelezi het ons ook daar bespreek, want meeste van

... / die

die mense was nie daarvan bewus presies wat sy standpunt is nie. Dit is Gatsha se standpunt.

Kom ons behandel eers hierdie twee aspekte. Die tuislande. Wat van die tuislande het julle daar bespreek? -- It was clear that the majority of people in South Africa reject their homeland issues. I mean even the leaders of them are regarded as puppets of the government, because they have not brought any change in South Africa at all, because all one could see was is that particular family which is rich otherwise. That is all. Only to find out that the toiling masses are still suffering,especially the Black people. So that was the case with the homeland issues.

Het u enige gevolgtrekkings of besluite geneem daar na die bespreking oor die tuislande? -- Wat daar bespreek was, was that they were to be rejected, that is all. Because they are not the sole authentic representative of the people.

Dan het u gepraat van dat u oor Buthelezi ook besprekings gehad het. -- Ja.

Wat was die besprekings oor Buthelezi wat daar plaasgevind het? --Gatsha maak so baie mense deurmekaar, want Gatsha was op ŉ stadium vir "non-racialism". He claims that he was with Mandela during the youth league time in 1949. His uniform, that is his people's uniform is that of the volunteers which was being worn by those people during that time. That is for instance the Khaki and the green beret. I should think even the flag of the Zoeloes is black green and gold. Since he accepted independence he was rejected at all. After I had left Mozambique at some stage he was against the imposition of sanctions against South Africa. So, it was clear he was an enemy.

Wat was die bevinding wat u gemaak het daar in die kamp?

... / Het

Het u daar reeds bevind dat hy is 'n vyand van die massas? -- Dit is heeltemal reg.

U is van daar na 'n kamp bekend as Vienna in Angola en u was vier maande daar? -- That is correct.

Is dit ook 'n ANC kamp? -- Yes.

Het u enige opleiding daar ondergaan? -- Yes, I did.

Wat se opleiding het u daar ondergaan? -- Firstly it was politics, then tactics, the use of the Makarov pistol, AK47. All this was in theory. The building of underground bases and camouflaging and how to manoeuvre in the terrain.

U sê u het opleiding ondergaan daar in die politiek. Kan u dit meer beskryf? Wat se opleiding het u daar ondergaan? -- It was mostly intensive compared to other places where I have been before, because there we were in access to get more literaturelike Sechaba, ANC literature as such, Dawn, African Communist, Masses literature also. ANC speaks. There is a lot of literature that we came across. Fifty fighting years by Moses Kwatana. We also discussed the Freedom Charter there.

Was dit met betrekking tot die Freedom Charter dieselfde besprekings wat u gevoer het, as die opleiding wat u gekry het in die kamp by New Europa? -- Yes, it remains the same thing. It does not change.

By hierdie kamp het u nou gepraat van die ANC literature Dawn Sechaba ensovoorts. Wat het by hierdie kamp gebeur? Is die goed net tot u beskikking gestel om dit net te lees of is daar meer gedoen met betrekking tot hierdie ANC literatuur? -- There were discussions almost every day in this camp, which are announced by a camp commissar, who will always announce that today we are going to discuss about this issue. There is a library there. Say for instance you want

... / to

to be clear on a certain thing ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U is nou besig om Engels te tolk. Praat hy deurgaans Engels?

TOLK : Dit is na aanleiding van die woorde wat die getuie gebruik het. Hy gebruik ŉ Engelse woord en dan ŉ Xhosa word. Dit is maklik om dit oor te sit in Engels as om dit oor te sit in AFrikaans. Dit is rede.

HOF :Ja, maar die indruk word nou op die rekord geskep dat die getuie deurgaans Engels praat en hy praat nie deurgaans Engels nie. Hy wissel dit af met ŉ ander taal.

TOLK : Dit is korrek, maar die probleem is, die getuie gebrik twee of drie Engelse woorde en dan Xhosa en dan weer een of twee Engelse woorde en dan Xhosa, wat dit ŉ bietjie moeiliker vir die tolk maak om sommer maklik oor te slaan na Afrikaans.

HOF : Ek begryp dit goed. Gaan maar so voort.

MNR. FICK : Dan is daar besprekings gehou na aanleiding van hierdie onderwerp wat die kampkommissaar op besluit het? -- Ja, dit is so.

En in die biblioteek waar hierdie tydskrifte is, het u dit dan aangewend vir die besprekings ? -- Ja, wat bespreek sal word later.

U is na die vier maande by hierdie kamp na ŉ ander kamp oorgeplaas met die naam van Quibaxe en die kamp is ook in Angola? -- Ja, dit is in Angola.

U was daar ongeveer ses weke? -- Dit is korrek.

HOF : Is dit ook ŉ ANC kamp? -- Ja.

MNR. FICK : Het u daar enige opleiding ondergaan? -- Ja, ek het opleiding ondergaan. Ons is opgelei in "tactics, first aid, topography, shooting making use of the AK47 and Makarov." Gebruik van TNT "explosives". Ek dink dit is omtrent al, maar dit het ons nou gedoen in die praktyk.

... / Die

Die taktiek wat u van praat, wat se taktiek was dit? In die praktyk of in teorie? -- What happens first, die eerste ding is die teorie en dan die praktyk.

HOF : Is dit taktiek van oorlogvoering of van guerrilla-oorlogvoering of van ħ politieke veldtog? Wat se soort taktiek is dit? -- Guerrilla warfare.

MNR. FICK : U is van daardie kamp af saam met ħ paar uitgesoekte mense na Oos-Duitsland? -- Dit is korrek.

Is u self soontoe of is u gestuur soontoe? -- Dit was ħ opdrag wat deurgestuur is vanaf die ANC.

Na watter plek in Oos-Duitsland is u? -- Teterov.

Het u daar enige opleiding ondergaan? -- Ja, ons het opleiding ondergaan.

Hoe lank was u daar met die opleiding? -- Ses maande.

Wat se opleiding het u daar ondergaan? -- Alles wat ek gemeld het waarin ek vroeër opleiding gekry het, maar hier was dit gedoen "intensified". Ons is opgelei vir die gebruik van die "rocket RPG7, photography." Party van ons, nie die hele platoon nie. "Military engineering." Ek dink dit is omtrent al.

HOF : En politiek neem ek aan? -- "Marxism was involved."

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : In watter taal is u opgelei? -- English.

MNR. FICK : Deur wie is die opleiding verskaf? -- In militêre was daar Duitse instrukteurs en in Marxisme "there was a professor."

Is hy van Oos-Duitsland of van ħ ander plek of weet u nie? -- Die professor is ħ mens van daar, want hy het gesê hy behoort aan ħ party van daardie plek. ħ Kommunistiese party.

Kan u vir di Hof net meer uitbrei oor die opleiding in

Marxisme wat u daar gekry het? -- Selfs daar was dit nie so diep gewees nie, maar in die algemeen. Soos die geskiedenis van Max Engels en Lennon. Ons is opgelei in hoe die "society" was vroeër. That is how the society came to being. Ons is opgelei in sosio-ekonomiese formasies. Byvoorbeeld dat mense vroeër gelewe het onder "primitive communalism. That is the sharing of property, where there was power sharing. It was under primitive communalism." Ons is toe opgelei daar. Daar was geen kontradiksies tussen mense nie. "People used to live happy in harmony", maar gedurende daardie stadium het dit gebeur dat daar mense is wat "better skills" gehad het en hulle het toe nie daarvan gehou dat die ander mense deel moet hê daaraan nie. Dit is waar die klasse begin het van mense wat iets het en hulle wat nie iets gehad het nie. Dit het nou teruggekom na die slavery toe. Dit is waar 'n mens nou begin om 'n "slave and a slave master" kry. Dit is waar die onderdrukking nou begin het "under the private ownership over the means of production. Then the society was divided into classes. That is those who have and those who have not. Then the contradictions started. There was a revolution after that. Then we went through to federalism where you are trying lords and serfs which means a person will have a big piece of land for himself." Soos byvoorbeeld dat een vir hom kom werk op hierdie groot stuk grond, sodat die werker iets kan kry om te eet nadat hy gewerk het vir die een met die groot stuk land. "That is even there, we saw that there even remained two classes. So, there must be contradictions and a revolution is needed to solve out these contractions. That is when you find that bourgeois also developed because of the serfs which were existing and the bourgeois were on the side of the serfs. That is why

... / we

we got that revolution which resulted in capitalism. Even then the poor people, none of them got that. What happened is bushers who were siding with the poor people later took over and suppressed the poor class. That is the system that we get like today the capitalism which is also existing in South Africa. From capitalism we learnt that a revolution is needed because within capitalism you also find two classes, the working class, the working class and the bourgeois within the two classes there is a contradiction, because for the survival of the worker he has to work for the bourgeois. There is no other alternative and the way, he, the bourgeois lives nice and in fact enjoying his life is through the sweat of the working people. So, we learnt there under Marxism solution is socialism, because when socialism comes into existence, that will mean a total abolishing of private ownership over the means of production. That is what we learnt there. We also learnt that socialism is the first stage, communism is the higher stage to socialism. That is a stateless society. That is correct."

COURT : Was East Germany, according to the professor, still in the state of socialism or had they proceeded to the state of communism yet? -- What we learnt from the professor is that German is still under socialism. Communism will never exist as long as imperialism exists. As long as we still have capitalism,in the whole world, it is going to be difficult for imperialism - I am sorry, for communism to exist. First the whole world should be socialist and then it is going to be communism the whole world, because imperialism threatens peace in the world. That is why you still find wars even today. It is due to the existence of the imperialism. That is correct.

MNR. FICK : Net om hierdie punt af te rond. Verstaan ek u reg dat met kommunisme word bedoel ʼn staatlose wêreld met een wêreldregering? -- It is a stateless society. It is going to take a long time, because people have to be conscientised. They have to understand politically what actually is happening.

Net om die ding volledig te maak. Die uiteinde van die ding sal wees een wêreldregering met ʼn staatlose wêreld? -- Ja, want byvoorbeeld "it would not be necessary for one to have a passport. Say you want to go to Germany. You just move to Germany without having to have permission from somebody.

U is van daardie plek terug na Vienna kamp in Angola? -- Ja.

HOF : Wanneer was dit ongeveer? -- Dit was in die jaar 1980 in Juniemaand. Ek kan nie die presiese datum onthou nie, maar dit was na die 20ste.

Dit is goed genoeg.

MNR. FICK : U is toe terug na die Vienna kamp in Angola? -- Dit is reg.

U was ʼn klein rukkie daar, toe is u oorgeplaas na die lugafweereenheid.

HOF : Wat is ʼn klein rukkie?

MNR. FICK : Hoe lank was u in die Vienna kamp? -- Dit was nie lank gewees nie. Ek skat dit op ongeveer ʼn week of twee. wat ek in Vienna kamp was toe ek teruggekom het vanaf Germany.

HOF : Waarnatoe is u toe? --- Ons is toe na Fazenda toe.

MNR. FICK : Is dit ook nog in Angola? --- Ja.

Is dit ook ʼn ANC kamp? -- Ja.-

U was daar ook net ʼn paar weke toe die kamp toegemaak toegemaak het as gevolg van ʼn tsetsevliegplaas en u is toe

... / terug

terug na Quibaxe? -- Ja.

By Quibaxe was u nog steeds toegewys aan die lugafweer-eenheid? -- Ja.

Het u daar enige opleiding ondergaan? -- Ek is opgelei daar om gebruik te maak van ŉ groot vuurwapen ZKU. It is a Soviet Weapon which is known as ZKU.

HOF : Is dit ŉ lugafweerwapen? -- Ja, dit is ŉ lugafweerwapen-

MNR. FICK : Hoe lank was u in hierdie kamp in Quibaxe, by hierdie eenheid? -- Omtrent twee of drie maande.

En van daar is u saam met ŉ paar ander persone weer (10) na ŉ plek gestuur in Kuba? -- Ja, ons was vyf persone.

Na watter plek in Kuba is u toe gestuur? -- Havana Party School. Die plek is Havana. Die woonplek waar ons was is bekend as Party Skool. Nicolopez is die regte naam van die skool. Dit is ŉ Kommunistiese skool.

Is u ook deur die ANC soontoe gestuur? -- Obviously.

Was behalwe u vyf nog ander mense by hierdie Nicolopez Party Skool? -- There were Cuban students, Nicaraguans, Granada, Veneziela, people from the countries in America. There were also some SWAPO students. (20)

Is u daar opgelei? -- Ja.

Waarin is u daar opgelei? -- Political economy het ons bestudeer, Marxist philosophy, history of the working class, history of the Cuban revolution.

Hierdie opleiding wat u daar ondergaan het, eerstens hoe lank was dit? -- Tien maande.

Kan u vir die Hof sê wat het u geleer in verband met geskiedenis van die werkersklas? -- Soos ek alreeds gesê het was ons opgelei oor wat gebeur met die "working class". Ons het baie dinge geleer oor die "working class" tydens die (30) "industrial revolution". Dit wil sê die werkers was nie

..../ bewus

bewus daarvan met die invoering van masjiene nie. Hulle het gedink hulle word onderdruk deur die inbring van masjiene. Dinge het gebeur toe die werkers die masjiene gebring het. Ons is opgelei dat die "working class" het 'n leier nodig.

Is aan u vertel wie is die leier, wat moet dit wees van die "working class"? -- Ja.

Hoe is vir u gesê wie is die leier van die "working class"? -- It should be communist party based on Marxist principles, that will be the true organisation that was going to lead the working class to overthrow the and establish a working class government and socialist government."

Dit ten aansien van Marxisme wat u geleer het is wat u reeds gesê het vir die Hof ook wat u by die ANC geleer het aanvanklik? -- Ja, dit was dieselfde ding.

Het u enigiets geleer in verband met die rewolusie self? -- Yes, of course.

Wat is u geleer in verband met die rewolusie? -- For a revolution to take place. Mense moet polities voorberei word. We can take the example of South Africa.

Is u in hierdie lesings 'n voorbeeld gegee of enigiets gesê in verband met Suid-Afrika? -- Ja.

Gaan nou aan? -- Just like the case in South Africa, also in other countries where people are being oppressed. You will find that the people are aware that they are oppressed. They do not know the means of getting away from this. Therefore an organisation is necessary there to organise the people. To organise the masses as such. Like the case in South Africa, we will hear is an ANC, SACTU and SACP. I am going to talk about the organisations that I know to be progressive here and not those that I do not know of.

... / Wat

Wat het u geleer is ŉ progressiewe organisasie? -- Ja, ek was opgelei wat ŉ progressiewe organisasie is.

Wat is dit? -- It is a non-racial organisation. A democratic non-racial organisation like the case of the ANC in South Africa. Yes, of course. Well, there are other organisations which are against non-racialism.

HOF : Wat bedoel u presies met "democratic"? -- When I talk about the democratic organisation I talk about the organisation of the people by the people.

And of the people, does that only include workers or does it include the bourgeois? -- In a case of an organisation you will find that even within the ANC there are bourgeois, but progressive bourgeois those who are for the liberation of the people, because as I have already said the ANC is a broad national organisation. It includes the bourgeois, intelligencia, students, workers, peasants. I mean all people from all spheres.

MNR. FICK : Kom ons begin die ding by ŉ punt in verband met die rewolusie. Is vir u eerstens geleer was is ŉ rewolusie? -- Ja, ek was.

Wat is vir u geleer wat is ŉ rewolusie? -- Ek is opgelei dat dit eintlik die doen en late is van mense wat die huidige goewerment omver moet werp, dit is die goewerment wat die mense onderdruk. Dat die goewerment eintlik in die mense se hande val. Dit wil sê dat die mense die goewerment oorneem. Dat die goewerment doen wat die mense wil hê.

HOF : Bedoel u daarby bloedloos of bloedig? -- Ek is opgelei en ek het dit geleer dat geen goewerment sal sommer maklik "peacefully" oorgee nie. Daar moet bloedvergieting wees. Hulle werk saam. Daar is "revolutionary means" en "peaceful means". Peaceful and revolutionary means of violence

.../ tc

to be used in order to overthrow the government.

MNR. FICK : Is u in verband met wat ŉ rewolusie is geleer wat gebeur as die regering oorgeneem word in ŉ rewolusie? -- Die mense se regering, dit wil sê die meerderheid se regering sal oorneem. ŉ Rewolusie is eintlik iets wat ŉ mens kan sê is ŉ "processor". Byvoorbeeld as Suid-Afrika omver gewerp kan word, sal daar ŉ "majority rule" wees "or the people's government". In die loop van die tyd sal dit verander na "socialism", waar ŉ mens sal vind dat niemand onderdruk is nie.

En by die oorname so van ŉ regering is julle geleer wat word van die politieke en ekonomiese strukture wat bestaan? -- Well, there must be total change, you see. Those previous bodies are to be taken over by the people. So that in face let it be the people who takes over, political structures and economical structures.

Dan wat die rewolusie betref, is u geleer van die verskil ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Dit beteken dan dat waar die "people" oorneem, daar moet kapitalisme verdwyn? -- Ja, dit is so.

En daar moet sosialisme in sy plek kom? -- Ja, dit is so.

En met sosialisme bedoel u die afskaf van privaat eiendom van produksiemiddele? -- That is correct.

K406 En met sosialisme bedoel u die afskaf van privaat eiendom van produksiemiddele? -- That is correct.

MNR. FICK : Dan, is u in verband met rewolusie geleer dat die rewolusie in sekere fases gevoer word? -- Yes, of course.

Wat is u geleer, wat is die eerste fase van ŉ rewolusie? -- Dat die mense eers gepolitiseer moet word, dat hulle presies weet oor die "struggle" en weet wat presies die plek

vat. As jy mense politiseer is dit makliker om hulle te mobiliseer deur om aan hulle te beduie wat alles gedoen moet word. Na die mense gepolitiseer en gemobiliseer is, is dit makliker om hulle te organiseer, want nou weet hulle.

HOF : Wat is die eerste fase? Is die eerste fase politiseer, mobiliseer en organiseer of is die eerste fase net die politisering? -- Politisering.

MNR. FICK : U omskryf dit, as ek u reg verstaan dat die mene bewus gemaak moet word van die stryd? -- Ja, van die "struggle".

Is u geleer op watter manier en op watter metodes die mense bewus gemaak moet word van die stryd? -- Ja.

Hoe is u geleer? Watter metodes? -- Soos byvoorbeeld in Suid-Afrika. Mense het griewe,veral die Swartmense. Ek meen, dit is die waarheid. Dit bestaan so. Byvoorbeeld as daar nie huurgelde betaal word nie. Die mense sal byvoorbeeld sê "Julle moet nie daardie huurgelde betaal nie, want die huise wat julle bewoon is sommer nonsens. Byvoorbeeld as jy voortgaan met die busboikotte kan jy die mense op daardie manier mobiliseer . Jy kan huisbesoeke doen. Hulle sal vir jou sê wat hulle klagtes is en wat hulle griewe is. Mense het omtrent elke dag griewe. Ek kapitaliseer op die griewe van hulle. Dan moet ek hulle bewus laat word van die ANC. Dat hulle organisasie die ANC is as die organisasie wat hulle sal vry stel van hierdie onderdrukkings wat hulle van praat. Ek kan na die studente toe gaan, die algemene organisasies se byeenkoms van mense, die jeugorganisasies. Dat ek hulle leer hoe om vryheidsliedere te sing. Deur dit te doen dat hulle bewus kan word van hulle leiers, byvoorbeeld Thambo en Mandela en so sal die mense dan bewus word sodat as die ANC enige oproep maak, soos "June 16, May Day - we are well

aware that those were successful in South Africa. People will stay away from work, because they realise now they are being mobilised to realise this is an organisation which is leading us to liberation." Dit wil sê dat jy mense nou so moet maak dat hulle "ungovernable" moet wees. Dat hulle hulleself kan "govern". "It lays a right basis for revolution, once people come to that stage, so that once they are ungovernable."

U het hier gepraat van die gebruik van Freedom Songs. Is u geleer in verband met die gebruik van Freedom Songs. Daar word gesing van die leiers van die ANC. Onmiddellik as die persoon begin sing, sal hy homself die vraag vra, byvoorbeeld jy sing nou van Mandela, die bewoording van die lied is Sikulule Mandela. Die persoon wat dit sing, sal graag wil weet wie is die persoon Mandela wat ek van sing waarvan hierdie mense praat? In die loop van die tyd sal daardie persoon weet wie Mandela is, om gesê te word van 'n ander persoon wat iets weet van Mandela.

Dit wat u gesê het tot dusver, is dit wat u as die eerste fase beskryf van die rewolusie? -- Ja. Dit is om mense te politiseer.

Nadat hulle gepolitiseer is, wat is die volgende? -- Dat hulle georganiseer moet word nou.

Is u geleer wat beteken organiseer, wat word bedoel daar deur om persone te organiseer? -- Ja.

Wat beteken dit?--As jy die mense georganiseer het, staan hulle saam met jou. Byvoorbeeld as ek nou 'n "trained guerrilla" is, dan kom ek by die mense wat alreeds georganiseer is. Die mense sal my kos kan gee ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Bedoel u met organiseer dat u 'n vereniging moet vorm van die mense of bedoel u net dat u soort van kontak met die mense het? -- As mense

georganiseer is, byvoorbeeld soos P.E. Dit is maklik vir jou om die mense te infiltreer om daar te bly, want daardie mense is nou almal vir die ANC in die lokasies. Vir my byvoorbeeld, as ek my kontak verloor, is daar geen leed van die mense wat ek kan kry nie. Niemand sal gaan rapporteer van my teenwoordigheid daar aan die polisie nie. So, daardie persoon of die mense daar is georganiseer. "They feel that they are now part and parcel of the struggle. Not onlookers of the struggle. Or what we can call armchair politicians."

MNR. FICK : Verstaan ek u reg dat die doel van organisasie is om die mense sover te kry dat hulle die ANC lede wat wel aktief optree in die land te help, behulpsaam te wees. Is dit wat u bedoel met organisasie?

MR BIZOS : My Lord, I think My Learned Friend should ask the questions in a less obvious leading way.

MNR. FICK : Kan u dan vir die Hof sê wat is die doel van die organisasie? -- Dat die mense saam met jou moet staan aan jou kant. Dat hulle weet waarvoor hulle baklei. Dat hulle moet voel hulle is in dieselfde posisie as wat jy is om jou behulpsaam te wees dat hulle ook betrokke raak in die ding.

Na die stap, die volgende fase, organisasie, is daar ɦ verdere fase in die rewolusie wat u geleer het van? -- Ek is opgelei in so baie dinge hoe om mense te organiseer en hoe om - eintlik het ek alreeds dit verduidelik.

HOF : Nee, maar u het netnou gepraat van "politicise, organise and mobilise". Wat is "mobilise"? Is dit ɦ ander stap in die rewolusie of is dit deel van "organise"? -- Dit is een ding. Hulle vorm een ding "because we talk of political mobilisation of the masses".

Wat beteken dit presies "political organisation of the

masses"? -- Dit is om die mense bewus te maak aangaande die posisie waarin jy is om hulle te mobiliseer en eintlik om hulle op te lei. Jy kan hulle oplei in enige ding, Freedom Charter, enige literatuur wat jy kry. Op hierdie manier is jy besig om die mense te mobiliseer polities.

Beteken mobiliseer opsweep of beteken dit iets anders? -- Ja, om hulle op te sweep, dat hulle alles doen wat jy in betrokke is deur dieselfde gedagte te aanvaar en dieselfde aksies te neem.

MNR. FICK : Wat is na organisasie die volgende fase van ŉ rewolusie? -- Na die organisering van die mense, hang dit van daardie indiwidu af of hy nou besluit om aan te sluit by die ANC of nie. Byvoorbeeld dat daardie persoon nou besluit om ŉ lid te word van die MK, maar dit moet hy op sy eie doen, "voluntarily." Niemand word gedwing om dit te doen nie. Dit wil sê na die aansluiting sal hy maar die instruksies moet uitvoer van enige aard wat aan hom gegee word, byvoorbeeld as hy instruksies het van sabotasie moet hy dit gaan uitvoer en die vernietiging van die vyand se geboue of strukture en die vyand se agente en die vernietiging van die vyand se agente, soos die polisie, "army personnel", vernietiging van alle persone waar daar is vir die beskerming of die vordering van hierdie mense wat die mense onderdruk, die "guerrillas" is daarvoor bedoel.

HOF : Is die volgende fase dan na organisasie wat inhou mobilisasie en politiseer - organisasie en mobilisasie, is die volgende fase dan ŉ soort guerrilla-oorlogvoering? -- Ja, nou word daar baklei.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IN CAMERA GETUIE NR. 23, nog onder eed

HOF : Ons besig met die derde fase. Het ons hom nou afgehandel?

MNR. FICK : Ek wil net oor die rewolusie in die algemeen 'n paar vrae vra.

HOF : Of is daar nog 'n vierde fase? Het u nie so ver gekom tot vier nie?

MNR. FICK : Ek verstaan die man kom by die laaste fase.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : U het vir ons gesê van die organisasie as 'n fase van die rewolusie. Is dit reg? -- Ja, ek het.

En as my geheue my reg bedien het u daarna gesê op 'n vraag van die Hof daarna word oorgegaan tot geweld teen organe van die Staat. Is dit korrek? -- Ja, dit is wat ek gesê het.

Hierdie fase waar daar oorgegaan word tot geweld teen organe van die Staat, na hom is daar 'n verdere fase in die rewolusie? -- Nee, daar is geen ander fase nie, behalwe wat ek kan sê is, na die mense baklei het en die regering oorgeneem het, het hulle gewen.

Het u al gehoor van die uitdrukking "government of the people? People's government"? -- Ja.

Het dit 'n rol gespeel, hierdie "government of the people" nadat die regering geval het? -- The government of the people will take over the country.

En wat bedoel u by "government of the people"? -- I am talking about the ideas of the majority of the people as we know that the ANC stands for the majority of the people in South Africa. All that they will have to do as set down in the Freedom Charter will depend on the condition at the time of the taking over, but since the majority of the people agree with the Freedom Charter, that is what I call the people's government.

... / COURT

COURT : Will the people's government be led by the ANC? -- Ja.

MNR. FICK : Net op hierdie punt. By die skool in Havana waar jy was, het jy enige onderrig ontvang met betrekking tot die aard van die ANC in vergelyking met die aard van die kommuniste party, of daar ŉ onderskeid tussen die twee is? -- Ja.

Wat het u geleer? -- Dit is dat die ANC ŉ "mass organisation" is, want hy het skoolkinders, "intellectuals, bourgeois, peasants and working class. Communist party". Dit is net van die werkers.

Het u geleer daar waar u was in Havana wat die rol gaan wees, indien enige, van die kommuniste party na die oorname of tydens die oorname van die regering? -- Ja, dat dit duidelik gemaak moet word dat daar geen kontradiksies is tussen die ANC en die kommunistiese party nie, want die Communist Party is daarvan bewus dat vir die werkers om oor te neem, dit is verpligtend dat daar ŉ eerste stap moet wees vir die rewolusie, bekend as "national democratic revolution, which is only going to be led by the ANC. So, there are no contradictions between them. They agree on that. That is why you find that there is that alliance amongst the ANC, SACTU and the SACP."

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Die National democratic revolution word gelei deur die ANC? -- Ja.

Die doel daarvan is verkryging van ŉ staat op basis van die Freedom Charter? -- That is correct,

Nou sê u dat daar ŉ verdere stap is. -- Ja.

Die stap moet lei na ŉ sosialistiese samelewing? -- Ja.

Wie is die leier van daardie stap? Die ANC of die Kommunistiese Party? -- Obviously the Communist Party.

... / Wat

Wat sal dan word van die ANC? -- Omdat ons gesê was dat daar nie kontradiksies is tussen die ANC en die SACP "that will depend on that prevailing situation. It will depend on the ANC what it says when the Communist Party takes over at the time when they take over, because the ANC and the SACP are not contradictory forces.

MNR. FICK : Dan in die algemeen wil ek vir u ŉ paar vrae vra in verband met die rewolusie. Het u by daardie skool in Havana geleer - iets geleer in verband met die gebruik van slagspreuke en spreuke teen die mure? -- Ja.

Wat het u geleer in verband met dit? -- Dat die skryf van die name van die leiers van die ANC op die huidige oomblik op mure of enige plek kan geskied. Dit is ŉ gedeelte van mobilisering van mense. Byvoorbeeld daar staan op ŉ muur geskryf Thambo. Obviously sal daardie persoon wil weet wie Thambo is. In die loop van die tyd op die ou end sal daardie persoon weet wie Thambo is. Dat Thambo die president is van die ANC en dan later sal die persoon weet wat die ANC is, "what does the ANC stand for and what are their main objectives."

Die skreeu van slagspreuke, het u dieselde geleer daaromtrent? -- Ja, dit is dieselfde, want terwyl ŉ mens sing, skreeu jy slagspreuke. Dit is as jy nou vryheidsliedere sing.

Het u by hierdie skool in Havana geleer in verband met die rol wat die sogenaamde progressiewe organisasies moet speel in ŉ rewolusie? -- Ja.

Wat het u geleer? -- Wat ons gekry het veral in die ANC is die ANC in staat om die organisasies te politiseer en te mobiliseer wie hulle beskou as ŉ progressiewe organisasie in die land. Soos ons nou weet hierso in Suid-Afrika is

... / "civic

"civic organisations, students organisations, youth organisations. So, all those who are preaching non-racialism. Die ANC sien dit reg om gebruik te maak van daardie persone, want almal volg maar dieselfde idees. Dit is die idee van die ANC. Die probleem is net by taktiek, hoe om te kere te gaan daarmee. Dit is hoekom ek sê dat die ANC werk eintlik meeste van die tyd met die organisasies wat progressief is.

HOF : Ek het 'n bietjie 'n probleem met die benaming van "progressief" wat u gebruik. U definisie van "progressive" is een man een stem en 'n "non-racial society." Is dit reg? -- Non-racial organisation.

Maar sou 'n Blankepolitieke party dan soos byvoorbeeld die Progressive Party kwalifiseer as 'n "progressive organisation" in julle sin? -- Not at all.

Nou waarom nie? - Die verskil is die "progressive party is against the system and against still within the same system which they are against. It is preaching non-racialism. To a certain extent it is not because like for instance it is against the sanctions against South Africa. It does not want sanctions to be imposed against South Africa. Of which now the difference is that the ANC is for the sanctions against South Africa totally economical."

Beteken dit dan die volgende. Dat by u definisie van 'n "progressive organisation" die volgende kwalifikasie gevoeg moet word. Mits daardie organisasie saamgaan met die doelstellings van die ANC? -- That is correct. 100%.

MNR. FICK : U is van daardie plek in Havana waar u opgelei is in die Nicolopez Party Skool na die kamp Vienna? -- Ja, dit is reg.

By hierdie kamp, het u enige take gehad wat u daar verrig het? -- Ja.

... / Wat

Wat was u taak? -- "Political instructor to the new recruits who had just joined, who had just come there knowing nothing."

HOF : Het u 'n rang gehad soos generaal, luitenant of so iets? -- Ons het nie sulke goed nie. Ek was net 'n "political instructor".

MNR. FICK : U sê u het die nuwe rekrute opgelei in die politiek. Sonder om nou die hele storie te herhaal, het u vir hulle geleer wat u geleer het by die verskillende kampe? -- Ja.

Onder andere die geskiedenis van die ANC? -- That is the first thing.

Hoe sien die ANC die geskiedenis van die ANC? Is dit vir hulle 'n belangrike onderwerp? -- Ja, dit is belangrik.

Waarom is dit belangrik? -- Ons weet nou die ANC is in 1912 gestig. Vir al hierdie jare het hulle probeer om hierdie dinge uit te sorteer. Hulle het probeer om "peaceful negotiations" aan te gaan met die Suid-Afrikaanse goewerment tot die jaar 1961. "Now, it is clear to everyone they can see now we cannot blame the ANC for having resorted into violence. For at least for about 49 years talking and knocking peacefully to the government, but all was in vein. So, what is the alternative? It is fighting. What you are being told about the history of the ANC, nobody is being blamed for himself for joining the ANC, because it is clear, I mean really, because we know of peaceful marches which have been done trying to talk to the government, protests and everything peaceful, but now the government tends to violence against those peaceful means. That is why you find today that the ANC is fighting.

MNR. FICK : Die begrip van geweld van die regering, wat het u

daaromtrent geleer? Wat verstaan u daar onder? Kan ek u so vra. Beteken dit fisiese geweld van die regering of beteken dit onder andere die wetgewing wat bestaan wat onderdrukkend beskou word of hoe beskou u dit? -- In any revolution this has been proved by history itself. Those in power will never ever hand over peacefully or sitting around a negotiation table. An oppressive government will need pressure to have it out of that seat."

COURT : And by pressure is meant violent pressure? -- That is so.

MNR. FICK : U was twee maande by hierdie Vienna kamp en u is toe oorgeplaas na Lesotho? -- Dit is korrek.

Watter plek in Lesotho? -- Dithabaneng.

Is dit 'n ANC kamp of wat is dit? -- It was a house which belongs to the ANC namely Chris Honey. Hy het toe die huis verlaat en in woonstelle in die dorp gaan bly. So, die huis was gebruik deur die ANC mense wat daar aangekom het as huisvesting. Onopgeleide comrades.

HOF : Is dit nou in Maseru of is the plek se naam Dithabaneng? -- Dit is omtrent 7 kilometer weg vanaf Maseru. Dit is 'n woonbuurt bekend as Dithabaneng.

MNR. FICK : Op hierdie plek, was u toegewys aan 'n departement of 'n afdeling van die ANC? -- Ja.

Watter departement? -- I was in the political department and political instructor to the newe recruits, section commissar for the trained comrades in my group, a group of seven.

Die pos wat u beklee het, het u 'n titel gehad, behalwe nou hierdie politieke instrukteur,het u in die omgangstaal 'n ander titel gehad? -- No, you are just a political instructor of a commissar. That is all.

Die "commissar" en "instructor" is dit dieselfde ding?

... / To

-- To a certain extent I will say yes, because you are dealing mostly in politics.

Net om dit absoluut duidelik te maak. Was u 'n politieke instrukteur of 'n politieke kommissaar? -- Both.

Wat was u taak daar gewees? -- In the political department like we knew what was going on in South Africa, we are studying the issues which are around the country as to what is happening and decide within the political department in itself that is as to what is to be done which literature is to be made and be made available to South Africa to be be sent through. For example say there is a strike in a certain town, we are going to strive for that strike for the literature so that we get it to those people and the strike must carry on. I was the commissar for my sections, where it was only for trained comrades, we usually discussed about international issues and also internal issues, like we used also to have literature as usual discussing some certain aspects of it.

MNR. FICK : In verband met die getuienis wat u nou gegee het ten opsigte van die publikasies wat in die Republiek moet uitkom by 'n plek waar daar boikotte is, wie het die goed opgestel? Stakings? -- Ons het net besluit by hierdie afdeling van ons, die politiese afdeling. Dit wat ons besluit het gaan na die propaganda masjinerie toe. Hulle gaan dan besluit hulle doen dit op die manier wat ons besluit het dit gedoen moet word.

HOF : Is die propaganda afdeling dan ook in Lesotho? -- Ja.

MNR. FICK : In Maseru? -- Ja.

U sê u besluit net hoe dit gedoen moet word. Wat bedoel u daarmee? Word die fisiese pamflette voorgestel of die dokumente of publikasies voorgestel wat die ding moet wees,

... / wat

wat op hom moet staan? -- Die "political department" wat ons het daar, bestaan ook uit lede van die propaganda. So, daardie persoon van die propaganda sal 'n dokument opstel wat ons oor moet besluit daar of ons dit so aanvaar. Na ons dit aanvaar het, sal die persoon dit dan neem na die propaganda afdeling by die masjinerie daar, dat dit gedoen moet word soos ons besluit het dit wat hy gebring het as 'n bewys van wat ons wil hê.

Keur u departement dan later die pamflet goed dat hy kan gebruik word?

HOF : Hy het nou gesê dat hulle dit vooraf goedkeur.

MNR. FICK : Nadat hy opgestel is, sien u die pamflet wat opgestel is fisies? -- Ja, ons moet die afskrif daarvan sien.

HOF : Word net een opgestel of word daar duisende en miljoene opgestel en dan in die Republiek ingestuur? -- In thousands.

MNR. FICK : Duisende van dieselfde dokument word dan opgestel en duisende van die dokument word dan die land ingestuur. Verstaan ek u reg? -- Ja.

Weet u persoonlik hoe word die goed die land ingestuur? -- Ja, ek weet.

Hoe word dit gedoen? -- Mostly is daar "paper bags" wat gebruik word wat saam gebruik word. Die twee van hulle word saam gebruik.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Is dit inkoopsakke soos wat hy beduie? -- Ja, dit is soort papierdraers wat mense kan gebruik deur die een binne-in die ander een te sit, maar voor jy dit doen, sal jy onder van die pamflette insit en dan aan die kante tussen die twee papierdraers sal jy van die dokumente insit. "In the walls of the two paper bags." Dan word dit met gom vasgesit heel bo. As 'n mens daarna kyk, sal dit soos een gewone papierdraer lyk.

MNR. FICK : ʼn Ander aspek. Behalwe publikasies, word daar ander goed ook deur die ANC die Republiek ingestuur? - Ek het een maal ʼn geweer gesien.

Wat se geweer was dit? Weet u? -- Ja, AKM.

Hoe word dit ingestuur? -- You disassemble into pieces. Wrap the parts with cotton wool and take a suitcase and make a false bottom. Then pack the parts there and glue it again on the sides.

ʼn Ander aspek. Terwyl u hier was by hierdie plek by die politieke departement, het u gesien dat daar enige wat in die omgangstaal bekend staan as "crash courses" aangebied word deur die ANC? -- Ek het net daarvan verneem dat daar mense is vir die "crash course".

Het u enigiets te doen met die "crash courses" wat u van verneem het? -- Ja, die "regional commander" het my af en toe genader oor sekere dinge wat hy wou gehad het ek moes opstel vir hom, hoe om dit te gaan doen. Dit is politieke goed wat ek moes gaan doen het.

Is dit lesings? -- Ja, om voorbereidings te maak vir hom om lesings te gaan gee. Party keer het ons dit bespreek ook.

Van daardie plek waar u was is u na die Republiek toe uiteindelik? -- Dit is korrek.

Hoe lank was u by hierdie politieke departement? -- It was not a long time. Approximately three to four months. Then there were contradictions amongst us.

Wanneer het u teruggekom na die Republiek toe? Kan u die datum onthou? -- Oktober 1982. Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Voor u teruggekom het Oktober 1982 was daar enige "progressive organisations" geïdentifiseer deur u of deur

... / die

die ANC in die Republiek? -- Ons het die meeste van die tyd van COSAS gepraat wat ons eintlik beskou het as 'n progressiewe organisasie.

Hoekom het u teruggekom na die Republiek toe? -- Terwyl ek nog daar in Lesotho was, "there was a lot of opportunism which cropped up. Some of the comrades for instance had the mind of thinking that since they are now from jail they know a lot of things, there is nothing one can tell that person about. People were not being treated equally at all. Some had privileges than the others. Like for instance if you are sick. It will be very difficult for you to be given a R10,00 to consult a doctor and there were other people who had privileges and even drinking and who would get about R40,00/R50,00 a day. Our movements were too much limited. Others were not doing the way we were to do. Unfortunately I fell in love with a woman which they suspected she is an agent. It happened one day on a Monday I did not attend a political gathering which was supposed to be held. That is according to our time-table. On Mondays, Wednesdays and Fridays we used to have meetings. Then they questioned me about my whereabouts having not seen me for the whole week-end. I told them where I had been. They started suspecting me and then taken to another place called Moscow ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Net 'n oomblik. Is die Moskou ook in Maseru? -- Yes, that is in Maseru.

Is dit 'n ANC basis of 'n kamp of wat is dit? -- Dit is 'n ANC huis waar ek oorspronklik was of tuisgegaan het toe ek daar gekom het en hierdie plek het ons genoem Moskou. Dit is die een wat aan Chris Honey behoort het. That is also the place where I stayed when I arrived in Lesotho.

... / Then

Then I shifted to another place.

U het gesê u is toe na Moskou toe geneem. -- Where I was guarded even if I was going to a toilet. I was not allowed to go out totally. I was totally isolated, even the comrades used to call me a reactionary. So, I felt now I am not safe. I was told that I was going to be sent to the West. We usually call Angola West. I knew that there I was going to be put in jail Quadro. What will happen to me is another thing. So, I decided to run away from them.

En u het u toe u die Republiek binnegekom het gaan oorgee aan die polisie? -- Ja, dit is wat ek gedoen het.

U het vroeër in u getuienis gepraat van Sechabas. -- Ja, dit is so.

Ek wil aan u dokumente toon. Herken u hierdie dokumente? Dit is BEWYSSTUKKE AAE(1) tot (29). -- Dit is die literatuur wat gebruik word deur die ANC. Dit kan wees dat van hierdie ek al voorheen gesien het en van hulle ek nog nie gesien het nie.

Laat ek so hoor. Die tipe boek wat u daar het, die formaat, die naam, die samestelling van die boek, soos u dit daar sien, ken u dit? -- Ja.

As wat ken u dit? -- Dit is die literatuur wat ons gelees het daar by die ANC, buite die land en te Lesotho ook.

Hier is 'n nuwe een wat nie ingebind is nie, AAE(30). Herken u ook hierdie een?

HOF : Het ons nou nie besonderhede van elkeen van AAE(1) tot (30)? Moet u dit nie in die rekord inlees en sê dit is nommer soveel en dit is nommer soveel nie? -- Dit is ook 'n Sechaba hierdie een.

MNR. FICK : AAE(1) is 'n Sechaba. Sy datum is Januarie 1982. AAE(2) is ook 'n Sechaba. Dit is Februarie 1982.

AAE(3) is Maart 1982 se Sechaba. AAE(4) April 1982 se Sechaba. AAE(5) is Mei 1982 se Sechaba. AAE(6) is Junie 1982 se Sechaba. AAE(7) is Julie 1982 se Sechaba. AAE(8) is Augustus 1982 se Sechaba. AAE(9) is September 1982 se Sechaba. AAE(10) is Desember 1982 se Sechaba.

HOF : Wat van Oktober?

MNR. FICK : Hy is nie daar nie.

HOF : Is Desember ook nie daar nie?

MNR. FICK : Hy is ook nie daar nie,

HOF : Dus ons spring nou van September na Desember.

MNR. FICK : Dit is so. AAE(11) is Januarie 1983 se Sechaba. AAE(12) is Februarie 1983 se Sechaba. AAE(13) is Maart 1983 se Sechaba. AAE(14) is April 1983 se Sechaba. AAE(15) is Mei 1983 se Sechaba. AAE(16) is Julie 1983 se Sechaba. AAE(17) is Augustus 1983 is Sechaba. AAE(18) is Januarie 1984 se Sechaba. AAE(19) is Februarie 1984 se Sechaba. AAE(20) is April 1984 se Sechaba. AAE(21) is Mei 1984 se Sechaba. AAE(22) is Junie 1984 se Sechaba. AAE(23) is Julie 1984 se Sechaba. AAE(24) is Augustus 1984 se Sechaba. AAE(25) is September 1984 se Sechaba. AAE(26) is Oktober 1984 se Sechaba. AAE(27) is November 1984 se Sechaba. AAE(28) is Desember 1984 se Sechaba. AAE(29) is Maart 1985 se Sechaba en AAE(30) is April 1986 se Sechaba. Ek kan net meld waarom die Staat op hom steun. Dit is 'n uiteensetting - in die Sechaba verskyn 'n artikel. Dit handel oor wat in die land aangegaan het vanaf September 1984, die "struggle" soos hulle dit noem en die artikel is op bladsy 2 deur Steve Tswete. Hy is een van die presidente van die UDF gewees.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Daardie is die oorspronklike dokumente. Het u afskrifte gemaak van daardie dele van die oorspronklikes wat vir u van belang is?

MNR. FICK : Ons het van die hele geen gemaak.

HOF : Die hele dokument?

MNR. FICK : Die hele dokument.

HOF : Verwag u dat ons elke dokument van hoek tot kant lees?

MNR. FICK : Nee, ek kan net aan u meld mnr. Jacobs hanteer die aangeleentheid. Hy het uittreksels gemaak uit die dele waarop hy steun. Ek sal dit aan hom gaan oordra. Dat hy dit vir u op skrif stel.

HOF : Asseblief.

MNR. FICK : Ek toon aan u dokumente. Herken u hierdie dokumente? -- Ja.

Wat is dit? -- Mayibuye.

Wie se dokument is dit? -- Dit is die ANC se dokument.

HOF : Is dit 'n pamflet of 'n koerant of wat se soort ding is dit? -- Dit word net so uitgereik. Ons noem dit 'n "leaflet."

MNR. FICK : Het u dit vantevore by die ANC gesien? -- Ja, ek het.

Word dit deur 'n spesifieke afdeling van die ANC uitgegee of bedoel vir 'n sekere afdeling, soos byvoorbeeld vroue of die lede van MK of vir wie word dit uitgegee? Of is dit 'n algemene ding? -- Die meeste van die dokumente het ons in Angola gekry. Eintlik by al die ander plekke waar die ANC bestaan het ons al die literatuur van die ANC gekry.

Dit sal wees AAF(1) tot (16). Vir rekorddoeleindes AAF(1) is die Mayibuye nr. 1 van 1982.

MR BIZOS : We have had occasion in the past to say that our silence in relation to the material that has been place before Your Lordship is not to be construed as a consent to its admissibility. I do not want to remain silent completely unless the State is misled in any by this.

MNR. FICK : AAF(2) is die Mayibuye nr. 2 van 1982. AAF(3)

... / is

is die Mayibuye nr. 10 van 1982. AAF(4) is a Mayibuye nr. 3 van 1983. AAF(5) is ŉ Mayibuye nr. 3 van 1982. AAF(6) is ŉ Mayibuye nr. 9 van 1983. AAF(7) is ŉ Mayibuye nr. 8 van 1983.

HOF : Ag nee, wat, dit is nie nodig nie. Sit hulle in volgorde. Ons gee hulle nuwe bewysstuknommers. U moet die goed chronologies sit.

MNR. FICK : Dit is soos mnr. Jacobs dit uitgewerk het.

HOF : Dan moet mnr. Jacobs dit maar oor doen. Ek wil nie hierdie deurmekaarspul hê nie.

MNR. FICK : Kan ek dan vra vir ŉ kort verdaging, dat ek die hele spul kan deurgaan, die ander bewysstukke ook en kyk of hulle in die regte volgorde is?

HOF : Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IN CAMERA GETUIE NR. 23, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ek sal dan voor being met AAF(1), dit is die Mayibue nr. 1 van 1982. AAF(2) is die Mayibuye nr. 2 van 1982. AAF(3) is Mayibuye nr. 3 van 1982. AAF(4) is die Mayibuye nr. 10 van 1982. AAF(5) is die Mayibuye nr. 3 van 1983. AAF(6) is die Mayibuye nr. 6 van 1983. AAF(7) is die Mayibuye nr. 8 van 1983. AAF(8) is die Mayibuye nr 9 van 1983. AAF(9) is die Mayibuye nr. 11 van 1983. AAF(10)(i) en (ii) is altwee die Mayibuye nr. 1 van 1984, maar die een is ŉ bylae van dieselfde dokument. wat los is. AAF(11) is die Mayibuye nr. 2 van 1984. AAF(12) is die Mayibuye nr. 3 van 1984. AAF(13) is die Mayibuye nr. 4 van 1984. UAAF(14) is die Mayibuye nr. 5 van 1984. AAF(15) is die Mayibuye nr. 8 van 1984. AAF(16) is die Mayibuye nr. 9 van 1984. U het vroeër in u hoofgetuienis gepraat van die publikasie Dawn? -- Ja, dit is so.

.../ Ek

Ek toon aan u drie dokumente. Dit sal wees AAG(1) tot (3). -- Ek het al hierdie soort dokumente gesien.

Is dit die Dawn wat u ken van die ANC? -- Ja.

Word hy uitgegee vir almal in die ANC of vir 'n spesifieke groep? -- Dit word in die algemeen aan al die mense gegee.

AAG(1) is die Dawn nr. 8 van 1983. AAG(2) is - AAG(1) is volume 7 nr. 8 van 1983. AAG(2) is volume nr. 8 nr. 4 van 1984. AAG(3) is volume nr. 8 nr. 5 van 1984. Kan u vir die Hof sê voordat ons by die volgende dokumente kom. 8 Januarie elke jaar is dit die herdenking van die ANC? -- Dit is korrek.

Elke jaar op 8 Januarie word daar enige verklarings gemaak deur die president van die ANC? -- Dit is korrek.
Is dit hierdie verklaring wat uitgereik word? Word dit op skrif gestel en aan die kampe van die ANC beskikbaar gestel? -- Ja, dit word so gedoen.

Aanvanklik in watter vorm kry u hierdie boodskap van die president van die ANC? In watter vorm is hy die eerste keer as u hom sien? -- Dit word met "leaflets" van omtrent hierdie grootte uitgegee.

HOF : 'n Gewone foliovel ongeveer. -- Dit word uitgestuur in so 'n pakkie.

MNR. FICK : Word hierdie boodskap in ander vorme ook uitgegee? -- Ja.

In watter vorme word hy dan uitgegee? -- African Communist en Sechaba.

Word hy opgeneem in die tydskrifte? -- Ja. Wat gebeur is, hulle vat dit net soos dit is op daardie pamflet en skryf dit presies so.

Ek wil aan u twee dokumente toon AAH(1) en (2). Ken u hierdie vorme? -- Ja, ek ken hulle. Vir die eerste keer word

die ding gestuur in hierdie vorm soos hierdie een wat ek nou hier het. Dit is AAH(2) en die tweede een sal in die vorm van AAH(1) uitkom.

AAH(1) in watter vorm is dit daardie? Is dit die Sechaba of wat is dit? -- Dit is die AC, African Communist.

AAH(2) sê u herken u as wat? -- Onmiddellik na die verklaring van die president kry ons dit in hierdie vorm vanaf AAH(2). Dit word so uitgestuur.

HOF : AAH(2) is 'n afgerolde stuk 'n foliogrootte bladsy. Hierdie een bestaan nou uit twaalf bladsye. Is AAH(1), (10) African Communist,'n amptelike blad van die Kommunistiese Party? -- Ja, vir die South African Communist Party.

MNR. FICK : Word daar ook publikasies deur die ANC opgestel vir vroue? -- Ja.

Wat word die ding genoem? -- Die afkorting is VOW, wat eintlik Voice of Women is.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Dit sal wees AAJ. Ken u hierdie dokument? -- Ja, ek ken die dokument. Dit word in hierdie vorm van 'n dokument uitgereik.

Is dit die Voice of Women van die ANC wat u van praat? (20) -- Ja, surely.

Word dit ook beskikbaar gestel aan die kampe van die ANC vir die mense om te lees daar? -- Yes, especially there is a lot in Angola.

AAJ is die Voice of Women nr.1 van 1983. U het gepraat van die African Communist. Ek toon aan u vyf boekies. Dit is AAK(1) tot (5). Ken u dit? -- Ja, dit is hierdie tipe van boeke wat uitgereik word deur die African Communist. Daar is nog ander wat 'n bietjie groter is as hierdie.

Is dit aan die kampe beskikbaar gestel vir die mense (30) om te lees? -- Ja.

... / AAK

AAK(1) is nr. 85 Fourth Quarter 1983 van die African Communist. AAK(2) is nr. 96 First Quarter 1984 African Communist. AAK(3) is nr. 97 Second Quarter 1984 van die African Communist. AAK(4) is nr. 98 Third Quarter 1984 van The African Communist . AAK(5) is nr. 101 Second Quarter 1985 van The African Communist. Die volgende dokument het ons gemerk AAM(1). Ons slaan AAL oor. Hierdie getuie kan nie oor hom getuig nie. Hier is ŉ probleem in die opsig dat dit is ŉ soortgelyke dokument as AAH(2) wat ingehandig is, maar mnr. Jacobs het hom apart gemerk.

HOF : Nou waarom moet hy dan nie by AAH kom as dit dieselfde ding is nie?

MNR. FICK : Ek wil voorstel ons merk hom AAH(3).

HOF : Is dit ook ŉ nuwejaarsboodskap?

MNR. FICK : Dit is ook ŉ nuwejaarsboodskap van 8 Januarie 1985.

HOF : Is hulle almal van dieselfde jaar?

MNR. FICK : Nee, hierdie een is 1985. Hy volg na die ander. Is dit soortgelyk aan die nuwejaarsboodskappe wat u in die kampe gekry het wat u reeds uitgewys het as AAH(2)? -- Ja, dit is een van hulle.

Ek wil dan ook ŉ dokument aanu toon. Ken u hierdie dokument? -- Ja, ek ken die dokument.

Wat se dokument is dit? -- "Strategy and Tactics of the African National Congress."

Volledigheidshalwe is dit die dokument waaroor u getuig het wat u aanvanklik opleiding in ondergaan het toe u by die ANC by die kamp New Europa aangekom het? -- Ja, die inhoud hiervan is waaroor ek opgelei is, maar die boekvorm waarin dit uitgekom het, was verskillend van hierdie een.

Is u bekend met hierdie vorm ook? -- Nee, ek het nog

nie hierdie tipe in hierdie vorm gesien nie.

Laat ek vir u so vra, die inhoud, het u na die inhoud

K407 gekyk? -- Ja, ek het.

Is dit dieselfde as die inhoud wat u geleer het, die boek waaruit u geleer het? -- As ek dit lees is dit dieselfde ding.

Hierdie ding se titel is "Forward to Freedom - Strategy Tactics and Program of the National African Congress South Africa. Dit sal wees AAM.

MR BIZOS ASKS FOR THE MATTER TO STAND DOWN TILL MONDAY MORNING IN ORDER TO ENABLE THEM TO GO THROUGH THE DOCUMENTS.

GEEN BESWAAR DEUR MNR. FICK AANSOEK OM UITSTEL.

HOF VERDAAG TOT MAANDAG, 18 AUGUSTUS 1986.

- - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-17-130**
*Document Title:-* **Vol 130 p 6458-6496. Witness: IC23**